# RUILWAARDE

Alhoewel ons nie die eerste uitgawe van die **Hertzog-Annale** (Junie 1952) as ruilnommer ontvang het nie, mag ek nie in belang van ons wetenskaplike ontwikkeling nalaat om die aandag van ons lesers op hierdie uiters belangrike tydskrif, uitgegee deur die S. Afr. Akademie vir Wetenskap en Kuns, te vestig nie. Die eerste uitgawe bevat uiters waardevolle bydraes oor genl. Hertzog.

Onder ons **Ruilnommers** moet ek die aandag vestig op die heengaan van een van ons oudste en waardevolste tydgenote, nl. **Inspan.** Volgens die Inleidingsartikel in die uitgawe van Junie gaan die amptelike orgaan van die Reddingsdaadbond en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings ophou om in sy bekende vorm te verskyn. In sy elfjarige bestaan het hierdie tydskrif onskatbare bydraes gelewer vir die handhawing en uitbouing van die Afrikaner se kuns, kultuur en wetenskap. Dit stem alle belanghebbendes tot droefheid dat nog een dapper held geval het! Hierdie held het met eer geval. Mag dit miskien in 'n ander vorm binnekort weer verskyn, al kan 'n gevalle held moeilik weer opstaan! **Philosophia Reformata,** die orgaan van „De Vereeniging voor Calvinistische Wijsbegeerte" onder redaksie van 5 bekende Calvinistiese wysgere (ook ons prof. Stoker onder hulle) is reeds in sy

17de jaargang. Die uitgewers is J. H. Kok, N.V., Kampen. Die uitgawe vir die tweede kwartaal 1952 bevat eers 'n vervolg op „Het vraagstuk van de Christelijke Wijsbegeerte" deur J. Jansen en dan 'n mooi studie deur W. Emmers oor „Achtergronden van Toynbee's Beschavingsleer". Vir mense wat hou van geestelik taai biefstuk, is intekening op die blad sterk aan te raai. 'n Mooi maar tipies Amerikaanse tydskrif is **Christian Life, the magazine for To-day's Christian.** Dit is ryklik geïllustreer, die leesstof is lig en verbasend wyd-omvattend: die leser kry hier van alles en nog wat iets korts te lees. Intekening geskied onder adres 434 South Wabash, Chicago 5, Illinois, en bedra 4 dollar vir 12 uitgawes per jaar. Die uitgawe van Junie het o.a. spesiale bydraes oor „the case for Christian education", en die van Julie beantwoord die vraag: „What does the world think of us?"

* * *

**KERK EN GODSDIENS.**

**The Banner** van die Christian Reformed Church van Noord-Amerika verskyn dikwels (elke week) en bevat so baie goeie leesstof dat 'n mens amper nie kan uitkies nie. Besonder mooi is hierin: H. J. Kuiper: **Is our religion too intellectual?** (9 Mei) en weekliks **The authority of the Bible** deur J. Weidenaar. In **Bibliotheca Sacra** (April-Junie) is daar twee deeglike studies: L. S. Chafer oor **The teachings of Christ incarnate** en J. F. Rand oor **Mosaic Covenant. In The Calvin Forum** (Mei) het H. J. van Andel 'n keurige artikel oor „Calvin's Golden Booklet". Wat ons binnelandse ruilnommers aangaan, moet ek in die eerste plek wys op die pragtige inleiers in **Die Kerkblad** deur S. du T. en dan op die lesenswaardige artikels oor „Die Hooglied" deur J. H. Kroeze ook daarin. S. du Toit bespreek die brandende sake op kerklike gebied, soos veranderde beskouings ten opsigte van kerkverband, van die Ou Testament. 'n Ou strydpunt oor die naam van die Suid-Afrikaanse kerk bly nog maar die aandag vra. (bv. H. S. Pretorius: „N.G. Kerk was bekend" in **Die Huisgenoot,** 6 Junie). J. V. C. en Joh. Dreyer sit mekaar nog in die hare (**Die Hervormer** Mei, Junie). Wetenswaardig is Jan den Hart se analise van die Bybel onder die opskrif, „Wat is die middelste woord van die Bybel?" in **Die Huisgenoot,** 13 Julie) en in Transvaal **bode** kom die volgende mooi artikels: J. R. Albertyn oor „Ons kerksensus 1951" (4 en 18 Jun.), B. B. Keet oor „Niemöller in Moskou" (11 Junie), F. J. M. Potgieter oor „Dogma" (2, 9 Julie), H. D. A. du Toit oor „Ons Liturgie" (16 Julie).

* * *

**SKOOL EN OPVOEDING.**

Die salarisstryd oor die hele Unie vind in alle organe 'n weerklank. (O.a. in **Die Unie,** Junie). Die ou taalmediumvraagstuk is weer aktueel in Kaapland (**Die Unie,** Jul.; **Die Huisgenoot,** 13 Juplie) en in Transvaal (**Onderwysblad,** Julie). Die heengaan van Maria Montessori en John Dewey word in die meeste organe herdenk. (**Die Unie,** Jul.; **Onderwysblad,** Jul.; **Paed. Studiën,** Junie; **The Banner,** 18 Jun.). Interessant in **Die Unie** (Junie) is die „Tweetaligheidseksamen" onder beskerming van die S. Afr. Taalbond". In **The Banner** gee H. Schulze weekliks besonder goeie studies oor die skool en opvoeding; o.a. in 16 Mei oor **„Parents are God's stewards of Children".** Die oorplasing van kinders na die middelbare skool na st. 5 of 6 word weereens bespreek. (**Onderwysblad,** Jul., deur A. L. **Kotzé** en **Die Skoolblad,** Junie, Julie deur H. Blignault). Th. Blok stel die onderwys onder die soeklig in **Die Skoolblad** (Junie, Julie), en J. J. Lubbe stel die vraag na die leerplanne vir die

intellektuele aristokrasie in **Die Skoolblad** (Mei). Interessant is ook V. E. Viljoen se artikel oor „the problem of the second language in the O.F.S." in **Die Skoolblad (Junie)**. In **Die Huisgenoot** is daar 'n paar besonder goeie bydraes: „Verskuiwing van opvoedingsideale" deur C. F. Visser (23 Julie), „Swak Afrikaanse Kinderboeke" deur D. M. Turner (27 Junie) en U. M. Gerryts oor „Letterkunde op Skool", (4 Julie). Die redaksie van **Die Brandwag,** 27 Junie, bring weereens onder aandag „die plek van die voorgeskrewe boek".

* * *

**MAATSKAPPY, KUNS EN WETENSKAP.**

**Die Kerkbode** begin vanaf 4 Junie 'n rubriek „Uit die Vrouewêreld". Moet ons vrouens byvoegsels of selfstandige organe hê? In **Bibliotheca Sacra** (Apr. Jun.) is daar 'n besonder aktuele studie deur J. F. Wolvoord oor „Will Israel continue as a nation?" **Hervormde Teologiese Studies** (Junie) het twee goeie nie-teologiese bydraes: C. K. Oberholzer oor „Die Eksistensiefilosofie van Karl Jaspers" en P. S. Dreyer oor „Die Problematiek van die Geesteswetenskappe". B. Marais skryf besonder goed oor „die buiteland en ons kleurbeleid" in **Op die Horison** (Junie), en daarin ook E. F. Potgieter oor „die ekonomiese aspekte van die Naturelle-vraagstuk". S. C. W. Duvenage het dit in **Die Geref. Vroueblad** (Julie) oor die aktuele vraag na die behuising van die gereformeerde jeug in die stede, en M. C. J. Scheffer oor „sociaal paedagogische problemen van de jeugdige fabrieksarbeiders" in **Paed. Studiën** (Junie). S. J. van der Walt gaan nog voort in **Ons Kleintjie** (Jun., Jul.) oor ons segregasie-vraagstuk. Oor die ondersoek na ons gesinslewe word mededelinge gedoen in **Die Hervormer** (Julie) en **Die Kerkblad** (18 Junie) oor „ekskeiding en hertrou" In **Die Kerkblad** (6 Junie) ondersoek P. J. Coetzee „die bou van 'n nasie". 'n Paar artikels oor ons taal en kultuur kan ten slotte net genoem word: C. M. v.d. Heever oor „Wat word van ons taal en kultuur?" (**Die Brandwag,** 20 Jun.), en die redaksie van **Die Brandwag** (4 Jul.) oor taalhandhawing; die redaksie van **Die Huisgenoot** (18 Julie) oor „die plig van 'n skrywer" na aanleiding van die jaarvergadering van die Akademie en op 25 Julie oor „Wetenskap en Afrikaans". W. K. Grobler vra of ons nie te veel jag op Anglisismes maak nie (**Die Huisgenoot,** 18 Jul.), en daarin vra P. C. Schoonees studente om met die woorde-insameling te help. N. P. van Wyk Louw gaan nog steeds voort met sy skitterende weeklikse studies in **Die Huisgenoot.**

J. CHR. COETZEE.